03 Feb

Uitgawe 2010/02/03

Global Prayer Alert

'n Weeklikse gebedsgids vir gemeentes, gebedsgroepe en 24-uur gebedswagte.
Vir meer inligting rondom gebed, besoek die webruimtes: www.jwipn.com of www.global24-7.org

Herlewing

Is my woord nie só, soos 'n vuur, spreek die HERE, en soos 'n hamer wat 'n rots vermorsel nie? (**Jer.23.29**). Elke keer wanneer God met ons praat, is dit soos 'n vuur wat in ons hart brand. Dit is die passie van God se hart wat Hy met ons deel terwyl Hy met ons praat. (**Luk.24:32**). Sy Woord verwyder ook elke harde gedeelte in ons hart sodat ons harte oop kan wees vir Sy stem. (**Heb.3:7**). ***Vader, vergewe ons asseblief vir al die kere waar ons ons harte teenoor U verhard het. Versag asseblief ons harte terwyl ons tyd spandeer in U woord en U toelaat om met ons harte te spreek.***

Deurbraak : Vrou oorleef sewe dae onder rommel in Haiti

Ena Zizi was by 'n biduur in die nasionale katedraal in Port-au-Prince, Haiti, toe die struktuur op haar toegesak het tydens die aardbewing met 'n omvang van 7.0 wat die eiland getref het op 12 Januarie 2010. Op 'n wonderbaarlike manier het die 70-jarige Zizi vir sewe dae oorleef onder die rommel voordat sy bevry is deur 'n internasionale soekspan. 'n Persoon kan ten minste vir 72 uur vasgevang wees en oorleef sonder water en kos. Zizi het twee keer hierdie tydperk uitgehou, Haar seun sê dat hy nie vir 'n oomblik twyfel dat haar geloof 'n rol gespeel het in haar oorlewing nie. (Webruimte: http://edition.cnn.com/2010/WORLD/americas/01/21/haiti.elderly.survivor/index.html, 22/01/10). ***Prys die Here dat Hy Ena se lewe gespaar het. Bid dat haar lewe 'n getuienis sal wees vir baie ander mense; dat God die Een is wie lewens red. Bid dat die inwoners van Haiti vir God sal leer ken en ook Jesus Christus vir wie Hy gestuur het om ons te red.***

Bid vir jou gemeenskap : Vroue wat bid

"Moeders in Gebed" is 'n organisasie in Nederland wat moeders, oumas, tannies en enige ander persoon wat 'n passie het vir kinders wil aanmoedig om vir hul kind by die skool te bid. Hulle het gebedspunte wat op 4 stappe gebaseer is: Prys God, belydenis van sonde, dank God en bid vir die kinders en die skool gebaseer op relevante Skrifgedeeltes. (Webruimte: www.moedersingebed.nl, 02/02/10). ***Bid dat hierdie vroue sal bid volgens hierdie vers in die Bybel - Staan op, skreeu in die nag by die begin van die nagwake, stort jou hart uit soos water voor die aangesig van die HERE, hef jou hande op na Hom, ter wille van die lewe van jou kinders wat versmag van honger by die hoek van al die strate.*** (**Klaagl.2:19**).

Suid-Afrika : Plaaslike gemeentes in die land en die sokker Wêreldbeker

Met die begin van die Wêreld Sokkerbeker is daar in 'n bestek van vyf maande 'n dringendheid in die Liggaam van Christus om die geestelike atmosfeer van die land voor te berei vir 'n groot oes tydens die vier weke van die gebeurtenis. Daar is nie twyfel dat voortdurende gees-vervulde gebed vir Suid-Afrika krities is vir die tyd indien ons deurbraak wil ervaar nie. Plaaslike kerke in die hele land moet besef dat hulle 'n belangrike rol het om te speel om uit te reik na die gemeenskappe tydens die Wêreldbeker. (Webruimte: http://www.theultimategoal.co.za/, 15/01/10). ***Bid vir kerkleiers, dat hulle die visie sal hê en ook bereid sal wees om hul lede te mobiliseer vir sendingwerk. Bid dat plaaslike Gemeentes sal verenig soos nog nooit tevore om in hul stede en dorpe te werk en die Koninkryk van God te bou. Bid dat groter en meer gevestigde gemeentes die kleineres sal help – sodat meer mense gewen sal word vir die Koninkryk van God.***

Internasionaal : 2010 se lys vir vervolgde Christene

Die 2010 lys van vervolgde Christene plaas Noord-Korea in eerste posisie, Iran tweede en Saoedi-Arabië derde. Noord-Korea sien geestelike aktiwiteite as opstand teen die sosialistiese beginsel. Die regeringstelsel mik daarna om Christelike aktiwiteite stop te sit deur veldtogte van 150 en 100 dae van aggressiewe soektogte na geheime Christene te loods om die Christene te arresteer, vermoor en martel op aaklige wyse. In Iran is 85 Christene gearresteer vir hul geloof om aandag van interne probleme af te lei. Baie Christene se beweging word gemonitor en hulle word gedreig, wat lei tot vrees. Kleiner erkende Gemeentes in Armenië en Assirië word blootgestel aan tronkstraf, mishandeling, teistering en diskriminasie. Kerkdienste word deur geheime polisie gemonitor en selgroep-lede word op aggressiewe maniere ondervra, geslaan en in die tronk opgesluit. (E-pos: editor@prayer-alert.net, 29/01/10). ***Bid vir ander gelowiges regoor die wêreld om aan te hou bid vir ander gelowiges wat vervolg word. Bid dat God Homself sal openbaar aan die leiers van hierdie lande en dat hulle nie meer gelowiges sal vervolg nie.***

Hierdie gebedskalender is 'n inisiatief van Jerigo Mure Gebedsnetwerk en word moontlik gemaak deur u getroue ondersteuning. Kontak: watch@jwipn.com